ANTJIE KROG

die durf van liedere

geskryf vir die musikant Mantombi Matotiyana

waarom val die man se huis uitmekaar?
waarom wag sy die windrigting af?
waarom eet sy asem en die aaklige
voorgevoelens van vrees?

waarom het hy weg gegaan?
waarom is sy weer eens iemand uit
die ensiklopedie van onvervulde
begaafdes in wonde agtergelaat?

waarom verkies sy om bier te maak?
waarom laat hy 'n warm huis agter?
waarom los hy mielies vir die kinders?
word pyn so glansend opgehang?

waarom roep sy Majola,
kom uit uit jou gevangenisskap?
waarom is haar voorname gekleed
in die borsklank van voorvaders?

sy laat lig los uit haar larinks
sy galm en gloei 'n voetpad oop
lallend kam sy heling uit haar vel
om 'n wêreld wendbaarder te laat

en ons nie vergeet nie: ons mensasem
vrekkig wreed – kouend op ons eie bloed
– en al die jare nog steeds die appél
van 'n wit voortsloffende volk